

50th

ANNIVERSARY

1960-2010

Sharpeville
Massacre

THE CRADLE OF HUMAN RIGHTS STRUGGLES

BILL OF RIGHTS

1. Gelykwaardigheid - Daar kan nie teen jou gediskrimineer word nie. Regstellende aksie en billike diskriminasie word egter toegelaat.

Almal is gelyk voor die wet en mag nie teen gediskrimineer word nie.

2. Menswaardigheid - Jou waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.

Elkeen het 'n basiese menswaardigheid wat gerespekteer moet word.

3. Lewe - Jy het die reg tot lewe

Elkeen het die reg tot lewe

4. Vryheid en veiligheid van die persoon - Jy kan nie sonder verhoor aangehou, gemartel of gestraf word nie. Huishoudelike geweld word nie toegelaat nie.

Jy mag nie fisies sonder verhoor aangehou word of op enige manier mishandel word nie.

5. Slawerny en dwangarbeid - Slawerny en dwangarbeid word nie toegelaat nie

Jy mag nooit onderwerp word aan slawerny of dwangarbeid nie.

6. Privaatheid - Jy kan nie deursoek word en ook nie jou huis of besittings nie.

Jou reg tot privaatheid sluit in jou liggaam, huis en besittings.

7. Vryheid van geloof, oortuiging en mening - Jy kan glo en dink wat ookal jy wil en die geloof van jou keuse volg.

Jy het die reg om te dink, glo en te aanbid hoe ookal jy verkies.

8. Vryheid van spraak - Alle mense (insluitend die pers) kan sê wat ookal hulle wil.

Jy het die reg om te sê en te studeer wat ookal jy kies maar haatspraak word nie toegelaat nie.

9. Vergadering, demonstrasie, wagstanery en versoekskrifte - Jy kan 'n demonstrasie hou, wagstaan en 'n versoekskrif indien. Jy moet dit egter vreedsaam doen.

Jy het die reg om vreedsaam te vergader, te demonstreer en protes aan te teken.

10. Reg van vereniging - Jy kan assosieer met wie ookal jy wil.

Jy het die reg om met enigiemand te assosieer.

11. Politieke regte - Jy kan die politieke party van jou keuse ondersteun. Indien jy 'n burger is en minstens 18 jaar oud is, kan jy stem.

Jy mag 'n politieke party stig, as kandidaat staan en vir enige party stem in vrye en regverdige verkiesings.

12. Burgerskap - Jou burgerskap kan jou nie ontnem word nie.

Geen burger mag burgerskap ontsê word nie.

13. Vryheid van beweging en verblyf - Jy kan op enige plek in die Republiek van Suid-Afrika gaan woon.

Jy het die reg om die Republiek binne te kom of te verlaat soos jy wil.

14. Vryheid van handel, beroep en professie - Jy kan die werk van jou keuse doen.

Jy het die reg om enige wetlike handel of beroep vrylik te kies.

15. Arbeidsverhoudinge - Jy mag aansluit by vakbonde en staak.

Elke werker en werkgewer het die reg om te organiseer en vir hulle doelwitte te onderhandel.

16. Omgewing - Jy het die reg tot 'n gesonde omgewing.

Jy het die reg om in 'n beskermde, gesonde omgewing te woon.

17. Eiendom - Jou eiendom kan slegs van jou weg geneem word indien die regte reëls gevolg word.

Geeneen mag eiendom ontsê word nie, behalwe kragtens algemene wetgewing.

18. Behuising - Die regering moet seker maak dat mense behoorlike toegang tot behuising kry.

Jy het die reg tot toegang tot voldoende behuising.

19. Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike welsyn - Die regering moet verseker dat jy toegang het tot voedsel en water, gesondheidsorg en maatskaplike welsyn.

Jy het die reg tot gesondheidsorg, voldoende voedsel en water en maatskaplike welsyn.

20. Kinders - Kinders onder die ouderdom van 18 het spesiale regte, soos die reg om nie mishandel te word nie.

Elke kind het die reg tot 'n naam, nasionaliteit en beskerming teen mishandeling en uitbuiting.

21. Onderwys - Jy het die reg tot basiese onderrig, insluitend volwasse basiese onderrig in jou eie taal (indien dit moontlik is).

Jy het die reg tot 'n basiese ondewys in die amptelike

MENSEREGTE

taal van jou keuse.

22. Taal en kultuur - Jy kan die taal van jou keuse gebruik en die kultuur van jou keuse volg.

Jy het die reg om die taal van jou keuse te gebruik en om jou eie kultuur te beoefen.

23. Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe - Gemeenskappe kan hul eie kultuur geniet, hul eie geloof beoefen en hul; eie taal gebruik.

Jy het die reg om kulturele, taal- en godsdienstgroepe van jou keuse te stig, aan te hang en te onderhou.

24. Toegang tot inligting - Jy het die reg tot enige inligting wat die regering het.

Jy mag toegang verkry tot enige inligting wat deur die staat gehou word vir die beskerming van jou regte.

25. Regverdige administratiewe optrede - Optrede deur die regering moet billik wees.


Jy het die reg tot administratiewe optrede wat wetlik, redelik en billik is.

26. Toegang tot hof - Jy kan 'n regsprobleem laat oplos deur 'n hof of soortgelyke struktuur.

Jy het die reg om regsdispute in 'n hof of deur 'n ander onpartydige tribunaal te laat oplos.

27. Gearresterde, aangehoue en beskuldigde persone - Hierdie reg beskerm persone wat gearrester, aangehou of beskuldig is.

Wanneer jy gearrester word, het jy die reg tot stilsweye en om voor 'n hof te verskyn binne 48 uur en die reg tot regsverteenvoerding.



AL HIERDIE WETTE IS ONDERHEWIG AAN DIE WETTE VAN DIE LAND MAAR IS VAN TOEPASSING OP ALMAL WAT BINNE DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA WOON.

Let wel: Al hierdie regte kan beperk word indien dit billik is om dit te doen.

Vir verdere inligting, sien Hoofstuk 2 van die nuwe Grondwet.



the doj & cd

Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA